**Ode aan Breyten Breytenbach**

Digter van vlerke en tralies,
jy wat die donker oopskryf
in ’n oomblik, skaars ’n woord lank,
tussen die pen wat lig
en die stilte wat wag,
wanneer die wêreld
sy asem ophou,
en betekenis kom staan
soos ’n voël op die rand van jou hand.
Tussen die skakelaar van die bedlamp
en die stilte wat volg;
wanneer die wêreld stil hou,
en die gees glip
van swaarte na verwondering,
daar weerklink jou stem, Breyten:
soos wind teen ’n ruit,
vasgevangde vlinder in gevangenis
wat nog altyd vlerke het.
Jy skryf, en help my onthou
dat taal ’n sleutel is,
’n swaard en ’n sagte seil;
iets wat jou deur die donker dra.
Jy wys my hoe ’n mens
met ink en woorde loop
waar jy anders nie kan nie.
Tussen die lig se vaarwel
en die droom se eerste tree,
stap waarheid sonder vrees,
en liefde wat die hele dag geswyg het,
praat uiteindelik. En jy besef:
’n gedig is meer as woorde op papier;
dit is ’n grens verskuif, die aardse kors

gekraak in jou eie stiltes,
en jy, net jy, moet dit aandurf
soos hy, met vlerke teen die tralies.

- Luan ten Cate -